Hoërskool Oosterlig

Rekeningkunde Graad 10

Opdrag 4

Opdrag uit: 24 Junie In: 1 Julie

Naam:)_____ Klas:_____

Vraag 9 (Inkomstestaat, Notas by Balansstaat en Ontleding en vertolking; 95 punte, 48 minute)

Inligting rakende Jade Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018 word voorsien.

GEVRA:

9.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (50)

9.2 Stel die gevraagde notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 2018 op: (35)

9.3 Bereken die opbrengs op die gemiddelde eienaarsbelang. Kan die eienaar tevrede wees hiermee? Verduidelik waarom jy so sê deur syfers aan te haal. (5)

9.4 Het die onderneming die beoogde winsopslag van 100% op kosprys bereik? Toon berekeninge om jou antwoord te staaf. Verskaf TWEE moontlike redes indien die beoogde winsopslag nie bereik is nie. (5)

INLIGTING:

1. **Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2018**

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Kapitaal (1 Maart 2017)		550 000
Onttrekkings	105 000	
Grond en geboue	1 004 000	
Toerusting	90 000	
Opgelope waardevermindering op toerusting		35 000
Vaste deposito: ABSA (14% p.j.)	50 000	
Handelsvoorraad	87 000	
Verbruiksgoedere voorhande (1 Maart 2017)	3 000	
Deposito vir Water en elektrisiteit	4 000	
Debiteurekontrole	27 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		1 380
Spaarrekening	30 000	
Bank	65 000	
Kleinkas	5 000	
Lening: Nedbank		280 000
Krediteurekontrole		72 800
Nominale rekeninge-afdeling		
Verkope		1 200 000
Koste van verkope	580 000	
Debiteureafslag	18 000	
Huurinkomste		46 400
Korting ontvang		2 180
Rente op vaste deposito		5 250
Bankkoste	7 000	
Korting toegestaan	780	
Salarisse en lone	64 890	
Versekering	9 490	
Verpakkingsmateriaal	9 800	
Water en elektrisiteit	18 800	
Oninbare skulde	18 000	
	2 205 760	2 205 760

2. Addisionele inligting en aansuiwerings:

2.1 Die volgende faktuur is nie aangeteken nie, die voorraad is egter ingesluit by die voorraadopname.

ROLAND GARROS HANDELAARS

Aan: Jade Handelaars **Faktuurnr.** 178

Datum: 13 Februarie 2018

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidprys	Totaal
100	Tennishemde	R46	R4 600
Minus: Handelskorting van 10%			(460)
Totaal (F&W. U.)			R4 140

2.2 'n Debiteur het goedere ter waarde van R3 000 teruggestuur. Winsopslag is 100% op kosprys.

2.3 Die rekenmeester het nagelaat om die Verbruiksgoedere voorhande op 1 Maart 2017 terug te skryf. Dit het slegs bestaan uit Verpakkingsmateriaal wat die vorige jaar nie opgebruik is nie.

2.4 'n Fisiese voorraadopname toon die volgende voorrade voorhande op 28 Februarie 2018:

- Handelsvoorraad, R87 650 en Verpakkingsmateriaal, R3 800.

2.5 'n Debiteur wat R500 skuld is insolvent verklaar. Skryf die rekening af as oninbaar.

2.6 Die bankstaat vir Februarie 2018, wat ontvang is nadat die Proefbalans opgestel is, toon die volgende:

- Diensgeld, R70 en tjekboekfooi, R50.
- Die uitstaande rente op vaste deposito is direk deur ABSA op die lopende bankrekening gedeponeer.
- 'n Aftrekorder, R800 vir die versekering van die eienaar se privaatmotor.
- 'n Geweierde tjek, R2 000 ontvang van 'n debiteur ter vereffening van skuld van R2 200.
- 'n Internetoorplasing van R10 000 vanuit die Lopende bankrekening na die Spaarrekening.
- Internetoorplasing van R8 000 as betaling van onttrekkings deur die eienaar.

2.7 Verhoog die voorsiening vir oninbare skulde met R120.

2.8 Die versekeringspremie vir Maart 2018 is reeds gedurende Februarie 2018 betaal.

2.9 Die helfte van die vaste deposito by ABSA sal op 1 Januarie 2019 verval.

2.10 Die huur is tot 31 Januarie 2018 ontvang. Die huur is op 1 Augustus 2017 met 10% verhoog.

2.11 Maak voorsiening vir waardevermindering op toerusting van R7 750.

2.12 Die leningstaat ontvang van Nedbank toon rente vir die jaar gehef op die lening, R12 000.

Berekeninge:

9.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op.

Inkomstestaat van Jade Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018	
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Huurinkomste	
Korting ontvang	
Bruto bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Bankkoste	
Korting toegestaan	
Salarisse en lone	
Versekering	
Verpakkingsmateriaal	
Water en elektrisiteit	
Oninbare skulde	
Bedryfswins	
Wins voor rente-uitgawe	
Netto wins vir die jaar	

9.2 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 2018 op:	
1.2.1 Voorraad	

1.2.2 Handels- en ander ontvangbares	

1.2.3 Kontant en kontantekwivalente	

9.3 Bereken die opbrengs op die gemiddelde eienaarsbelang. Kan die eienaar tevrede wees hiermee? Verduidelik waarom jy so sê deur syfers aan te haal.
Berekening:
Kan hy tevrede wees?

9.4 Het die onderneming die beoogde winsopslag van 100% op kosprys bereik? Toon berekeninge om jou antwoord te staaf. Verskaf TWEE moontlike redes indien die beoogde winsopslag nie bereik is nie.
Berekening:
Twee moontlike redes: